



MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JUNIE 2021

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk/verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by hsagenquiries@gmail.com en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede asook dat die inhoud van u maandelikse state korrek is.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

| | |
|---|----|
| 1. INLEIDING | 1 |
| 2. TWEE APARTE KLASAKSIES | 1 |
| 3. NEEM EIENAARSKAP! | 3 |
| 4. IS MY REGTE GESKIK WANNEER EK MET GEORGIU/ORTHOTOUCH GESKIK HET? | 4 |
| 5. HSAG STATE..... | 5 |
| 6. NAVRAE OM FINANSIËLE VERLIGTING BY HSAG | 5 |
| 7. WIE IN CCAF KWALIFISEER VIR 'N KREDIET IN HSAG VIR 2022?..... | 6 |
| 8. CCAF REGISTRASIEKOSTE | 7 |
| 9. VALKE | 8 |
| 10. PASOP VIR MOONTLIKE INTERNET SWENDELARY | 9 |
| 11. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POSADRESSE | 9 |
| 12. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES | 10 |

1. INLEIDING

As vertrekpunt wil ons almal bedank wat dokumente en inligting gestuur het wat daarop wys dat die Georgious as 'n groepseenheid funksioneer, dit wil sê as 'Die Georgiou Groep'. Alle bydraes is belangrik en kan die regspan help in hul stryd om geregtigheid vir die HSAG teen die opposisie te bekom. Enige iemand wat oor relevante dokumente beskik, moet dit asseblief aanstuur na die onderstaande e-posadres (aangesien dit die verskil tussen sukses en mislukking kan beteken):

hsagwhistle@gmail.com

Alle e-posse wat na hierdie adres gestuur word, sal vertroulik behandel word indien dit so versoek word.

Ons word bemoedig deur die mate van interaksie met die nuusbriewe. Dit dui aan dat beleggers dit lees en by hul saak betrokke is. Die regspan het nog altyd (produktiewe) beleggersbetrokkenheid aangemoedig en die bestuurskomitee glo regtig dat 'n oop lyn van kommunikasie die behoeftes van beleggers die beste bevredig in so 'n groot klasaksie. Dit by gesê, het nóg die regspan nóg die bestuurskomitee tyd om te reageer op vrae wat al verskeie kere in die nuusbriewe beantwoord is. Ons moedig daarom HSAG lede aan om die nuusbriewe te lees voordat hulle korrespondeer met die bestuurskomitee of die regspan soek.

2. TWEE APARTE KLASAKSIES

Ons wil HSAG-lede weereens daaraan herinner dat daar 'n verskil is tussen DECA en CCAF en dat dit twee afsonderlike klasaksies is.

- DECA sluit in HS15-22, is in die proses van sertifikasie en word die normale Theron & Vennote Rekening No 2 gebruik.
- CCAF is reeds deur die Hooggeregshof gesertifiseer en moet alle fondse wat daarvoor bestem is, in die aparte Theron & Vennote, Rekening No. 3 inbetaal word.

By CCAF is mnr. Nic Georgiou en twee van sy entiteite die Respondente. Hierdie klasaksie vorm deel van die HS19-22 klasaksie en is reeds gesertifiseer en die volgende uiteindelijke stap is 'n uitspraak teen (of vir) die Respondente. Daar is drie Respondente waarvan Zephan, 'n maatskappy tans onder sakereëding, wat die geldelike opbrengs vanuit die verkoop van die HS19-22 eiendomme ontvang het, een Respondent is. Die eis is kontraktueel en die hof het in guns van die HSAG bevind dat die saak voldoen aan die vereistes vir 'n klasaksie. Dit staan algemeen bekend as die 'Certified Class Action Fast-Track' ("CCAF") saak.

Dan is daar 'n ongesertifiseerde klasaksie teen Georgiou en ander Respondente, wat ook sy seuns insluit. Hierdie aangeleentheid is hoofsaaklik gebaseer op deliktuele gronde (onregmatige optrede) en verskillende persone in die reeks van gebeure word as Respondente ingesluit. Dit staan algemeen bekend as 'Derivative Class Action' ("DECA") of Afgeleide Klas-Aksie.

Daar was 'n paar navrae onder beleggers oor watter bankrekening en watter e-posadresse hulle vir watter doeleindes moet gebruik. Lees hieronder 'n kort opsomming:

Bewys van betaling en navrae:

CCAF-betalingsbewyse moet aan accounts@ccaf.co.za gestuur word en **moet alle inbetalings** in die bankrekening, soos wat op die staat verskyn, in Theron & Vennote Trust 3 gedoen word. CCAF-navrae moet gestuur word na enquiries@ccaf.co.za

HSAG-bewys van betalings moet gestuur word na hsactiongroup@gmail.com en **moet alle inbetalings** in die bankrekening, soos wat op die staat verskyn, in Theron & Vennote Trust 2, gedoen word. HSAG-navrae moet gestuur word na hsagenquiries@gmail.com.

Die bestuurskomitee en die regsman kan nie genoeg herhaal dat die CCAF-saak en die HSAG-saak twee heeltemal verskillende sake is en deur alle betrokkenes as sodanig behandel word nie. Dit is van groot belang dat betalings in die regte trustrekening gemaak word.

Ons wil graag probeer om dit aan die hand van 'n analogie te verduidelik. Verkeerde inbetalings in verkeerde rekeninge skep nie alleen 'n administratiewe nagmerrie nie, maar is dit ook 'n vermorsing van onnodige tyd en geld. As 'n belegger bv. 'n Standard Bank-rekening wil open, moet hy na Standard Bank toe gaan. Dit is onmoontlik om 'n Standard Bank-rekening te open deur na Capitec Bank te gaan. Capitec Bank kan slegs Capitec-rekeninge open en Standard Bank kan slegs Standard Bank-rekeninge open. Net so het HSAG en CCAF twee afsonderlike bankrekeninge. Die hof het bepaal dat die CCAF fondse in 'n aparte bankrekening inbetaal word en deur die sertifikasie bepaal dat die CCAF saak op sy eie bene staan. As sodanig is dit nodig om 'n aparte CCAF-opvraging te doen vir die bevordering van daardie saak. Dit is in die verlede al verskeie kere uiteengesit en beleggers word daaraan herinner dat hulle moet let op watter e-posadresse navrae en bewys van betalings gestuur moet word. As u onseker is, raadpleeg asseblief die nuusbrieff, spesifiek die punt met die titel BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POSADRES.

3. NEEM EIENAARSKAP!

Een van die belangrikste aspekte van litigasie is dat die kliënt te alle tye eienaarskap van sy/haar sake moet neem. Wees dus asseblief seker dat u die regspan van al die nodige inligting voorsien wat u in u besit het. Dit kan die regspan dalk help ten einde die saak suksesvol te hanteer.

'n Belangrike deel van 'n hofsaak is die administrasie wat hand aan hand gaan met die bestuur daarvan. Maak dus seker dat u die nuusbriewe lees, u e-posse na die regte adresse stuur en betalings in die regte bankrekeninge maak.

Aan die einde is dit belangrik om die skaal van geregtigheid ten gunste van die beleggers te laat swaai. Om dit te kan bereik, moet nie alleen noukeurig gehandel word om die feite in te samel nie, maar ook te sorg dat die regte mense, en nie net die pionne nie, aan die pen sal ry. Sorg asseblief dat u of u finansiële adviseur vir ons van al die nodige inligting en dokumente verskaf, en moet nie aanvaar dat iemand anders dit sal doen nie.

Ons benodig alle moontlike bystand en ondersteuning, finansieel, moreel en andersins, van HSAG-lede om hul eie saak te bevorder. Sonder die nodige inligting en feite kan ons nie suksesvol wees nie.

Wees verseker dat die HSAG-span en die regs-span onverpoos en toegewyd werk om te verseker dat u uiteindelik sukses in u saak behaal.

Die prys wat nou moet betaal moet word, is relatief klein in verhouding tot die beskermbare belange wat op die spel is. Ons wil 'n beroep op almal doen om hul ondersteuning te gee vir hierdie verdienstelike saak. Baie dankie aan al die lede wat hulself toegewy het aan hierdie saak. As dit nie vir diegene was, wat deur die jare bygedra het nie, sou ons nie so ver gevorder het nie. Baie dankie.

4. IS MY REGTE GESKIK WANNEER EK MET GEORGIU/ORTHOTOUCH GESKIK HET?

Die HSAG ontvang van tyd tot tyd navrae van sy lede rakende diegene wat met mnr. Georgiou/Orthotouch gekontrakteer het deur die aandele-opsie of 'n kontantbetalingsopsie te neem, maar wat nogsteeds niks in terme van die skikking ontvang het nie. In kort beteken dit dat sekere beloftes deur mnr. Georgiou/Orthotouch gemaak is, maar dat beloftes van betaling of oordrag nie nagekom is nie.

As HSAG lede sodanige probleme ondervind, kan hulle ons kontak en ook bewyslewer van die dokumente wat hulle onderteken het. Dit sal op 'n ad hoc-basis hanteer word. Ons het dit al voorheen genoem en wil weer beklemtoon dat lede versigtig moet wees om enige ooreenkoms met mnr. Nic Georgiou en diegene wat namens hom optree, aan te gaan, omdat hy na ons wete nie sy beloftes nagekom het nie, behalwe waar sekere individue uitgekoopt is.

HSAG-lede se lidmaatskap sal nie outomaties beëindig word nie, tensy hulle spesifiek versoek het om as lede verwyder te word, en ons sal voortgaan om vir hierdie persone op te tree. As u egter 'n ooreenkoms met mnr. Georgiou/Orthotouch onderteken het, het u moontlik u regte aangetas en geskik, en kan daar geen waarborge gegee word dat u

nie u regte afgeteken het nie, tensy u uiteraard sodanige ooreenkoms regsgeldig gekanselleer het.

Kontak die HSAG by hsagwhistle@gmail.com as u enige navrae hieroor het.

5. HSAG STATE

Die HSAG administratiewe personeel het die maand enkele navrae van beleggers ontvang aangaande die feit dat hul betalings nie op hul state verskyn nie. Betalings word nie outomaties geallokeer nie en moet individueel op beleggers se state gelaai word. Beleggers word dus versoek om geduldig te wees aangesien dit 'n proses is wat tyd neem. Indien 'n belegger se twee agtereenvolgende state nie die betrokke inligting weerspieël nie, moet hulle asseblief dadelik met die HSAG in verbinding tree.

6. NAVRAE OM FINANSIËLE VERLIGTING BY HSAG

Ons het navrae ontvang oor waarom beleggers CCAF-trustopvragings ontvang het en waarom opbetaalde HSAG-lede vir finansiële verligting aansoek moet doen. Die antwoord is eenvoudig.

Ons wil weereens HSAG-lede verseker dat ons span alle lede se beste belange op die hart dra. Die motivering vir die besluit waarom HSAG-lede vir krediet aansoek moet doen, is nie ligtelik opgeneem nie. Dit is korrek dat krediet nie outomaties op beleggers se state verskyn nie en dat dit individueel gepos moet word.

Die redes waarom lede vir krediet moet aanvra, is basies drieledig

- i. Die finansieringsmodel van die HSAG is 'n finansieringsmodel vir groeplede wat beteken dat alle regs- en administratiewe koste deur die HSAG-lede befonds word. Die voortsetting van die regsproses is gevolglik heeltemal afhanklik van die finansiële ondersteuning van opbetaalde lede. Die HSAG wil dus slegs diegene wat dit nie kan bekostig nie, aanmoedig om aansoek te doen vir sulke finansiële ondersteuning en krediet, alhoewel dit vir almal (wat kwalifiseer) beskikbaar is. Op grond van ons

groot getalle kan ons teen die opposisie veg, maar omdat die meeste van ons lede ouer is, neem ons getalle af. Daarom het ons, waar moontlik, elkeen se morele en finansiële ondersteuning nodig.

- ii. Elke persoon moet toesien dat sy/haar maandstate korrek is. Die regspraak ontvang van tyd tot tyd finansiële ondersteuning van mense wat nie lede is nie, of selfs lede wat ekstra wil betaal. Daarom, as 'n lid van mening is dat hy/sy opbetaald is en 'n betaling maak, maar die verwysing is verkeerd, dan word dit nie aan hom/haar toegeken nie. As iemand die krediet versoek, sal hy kan sien of die geld toegeken word of nie, en die prokureurs daarvan in kennis stel.
- iii. Elke krediet moet apart ingevoeg word. Dit is 'n omslagtige proses en elkeen word afsonderlik toegeken. HSAG-lede word gevolglik genoeg tyd gegee, aangesien die sperdatum tot 31 Augustus 2021 is, om lede toe te laat om te besluit en ook die krediete te plaas.

7. WIE IN CCAF KWALIFISEER VIR 'N KREDIET IN HSAG VIR 2022?

7.1 HSAG-lede wat ook deel vorm van CCAF (d.w.s. HS21/22)

- i. Het u, u maandelikse staat en nuusbrief ontvang? Indien ja, is 'n debiet vir die 2021 trustopvraging gedurende Januarie/Februarie 2021 opgelaa.
- ii. As hierdie debiet vir 2021 (tesame met vorige debiete) op die HSAG maandstaat voor die einde van April 2021 opbetaal was, kwalifiseer u vir 'n krediet van R 500.00 op u 2022 HSAG staat.
- iii. Indien u in aanmerking kom, moet u skriftelik aansoek doen voor **31 Augustus 2021** deur 'n e-pos te stuur aan: hsactiongroup@gmail.com

7.2 HS21/22 CCAF-lede ('Automatic Opt-In' en 'Manual Opt-In')

- i. Het u, 'n CCAF trustopvraging staat ontvang met die debiet daarop?
- ii. As dit die geval is, moet dit betaal word soos uiteengesit in die trustopvraging.

- iii. In die nuusbriëf van Mei (2021) word gesê dat R 2 000.00 onmiddellik betaalbaar is en dat die res betaal kan word soos aangedui. Die staat toon **teen einde Junie**.
- iv. Indien u nog nie u trustopvraging staat ontvang het nie, kan u die volgende e-posadres kontak: enquiries@ccaf.co.za
- v. Wat die FICA-dokumente betref, is dit op hierdie stadium slegs nodig om u ID en adres te stuur (byvoorbeeld 'n munisipale rekening). Bankbesonderhede sal later benodig word. Besonderhede verskyn op die staat.

8. CCAF REGISTRASIEKOSTE

Dit is nou welbekend dat opbetaalde HSAG-lede vrygestel was van registrasiekoste by CCAF. Die voordeel vir HSAG lede was enorm en het die Hof daardie lede kwytgeskeld van registrasiekoste by CCAF. HSAG lede wat ook by CCAF is kan dus die volgende boodskap op hul maandstate verwag in terme waarvan die registrasiekoste teruggeskryf is: "EXEMPTION BY COURT ORDER TO PAY REGISTRATION FEES" ("Vrystelling per hofbevel om registrasiegelde te betaal").

Bogenoemde krediete moet egter elkeen individueel gelaai word. Indien u krediet dus nie op u rekeningstaat verskyn nie, moet u asseblief 'n e-pos aan accounts@ccaf.co.za stuur.

Aangesien hierdie krediete per hand gepos word, moet u asseblief u CCAF-state noukeurig nagaan.

Toe die opbetaalde 'Automatic Opt-In'-lede oorspronklik na die CCAF programmatuur oorgedra was (die program wat die regspan gebruik om beleggersinligting te verwerk), was twee hoofgroepe beleggers se besonderhede opgelaaï met 'n trustopvraging/faktuur van onderskeidelik R4 500 of R 6 500. Die state van alle HSAG lede wat outomaties deel geword het van CCAF moet slegs R 3 000 of R 4 000 daarop aandui, afhangende van die bedrag (R100 000 en minder of meer as R100 000) wat belê is. Indien u so 'n staat ontvang het met enige ander bedrag daarop, volg asseblief die prosedure soos hierbo uiteengesit .

9. VALKE

Na die berigging “DIE VALKE SIRKEL WEER” in die nuusbrieff van Februarie 2021 kan daar bevestig word dat die Valke met hul verdere ondersoek begin het nadat hul die lys van name ontvang het .

'n Versoek vanaf die Valke was, hoofsaaklik weens Covid-19 en reisbeperkings, om eers te konsentreer op beleggers wat woonagtig in Gauteng is. Verskeie lede woonagtig in Gauteng se besonderhede was onverwyld deurgegee. Hierdie name is aan die Valke gekommunikeer en was van hierdie persone reeds gekontak. Indien u dus nog nie gekontak is nie, is dit omdat die huidige Covid inperking hul kortwiek om te reis maar moet mense ook geduldig wees, want daar is letterlik duisende mense wat gekontak kan word. In die lig daarvan is dit ook 'n gegewe dat nie almal gekontak gaan word nie.

Die Valke is nou deurlopend in kontak met die HSAG en gee terugvoer oor die vordering van die saak. Ons wil ons lede spesiaal bedank vir hul geduld en die samewerking wat hulle gegee het toe hulle daarvoor versoek was.

Daar word nie alleen nét die samewerking van die HSAG lede versoek nie maar word ook beleggings-adviseurs en persone wat op die krediteurekomitee gedien het, versoek om so spoedig moontlik ook hul hulp aan te bied aan die Valke.

Persone met waardevolle inligting (wat die saak in 'n bepaalde rigting kan stuur) word aangemoedig om vorendag te kom en die inligting te verskaf. Sonder feite en inligting sal dit onmoontlik wees om die volle prentjie te skets en die doel te bereik waarvoor samewerking vereis word.

Die HSAG sal ook sy e-pos hsagwhistle@gmail.com platvorm beskikbaar stel waarheen lede dokumente of hul bereidwilligheid om betrokke te raak te kan stuur.

Dit moet so spoedig moontlik gedoen word, asseblief! Hou die yster warm!

10. PASOP VIR MOONTLIKE INTERNET SWENDELARY

Die HSAG het weer eens klagtes ontvang dat sy lede getreiter word deur mnr Nic Georgiou se Highveld Sindikasie Beleggers Forum (HSBF).

By nadere ondersoek blyk dit egter dat die moontlikheid bestaan dat die e-posse onder die opskrif “**High Field Syndication Investors Forum**” (sic) ‘n internet swendelary van ‘n sindikaat kan wees om HSAG lede se private inligting en identiteitsnommers op ‘n bedrieglike wyse te bekom.

HSAG lede word weer eens gewaarsku om nie sondermeer e-posse van enige aard van ‘n onbetroubare bron oop te maak en inligting daarop te voltooi nie.

‘n E-pos wat onder die HSAG se aandag gekom het, bevat nie alleen ‘n magdom spel- en grammatiese foute nie, maar verskyn daar ook vreemde woorde en tekens in wat die moontlikheid versterk dat die spesifieke HSBF e-posse moontlik die werk van ‘n internasionale sindikaat kan wees.

In die e-pos word woorde soos “**preasmation**” and “**forthtolly**” gebruik en is sulke onverstaanbare en swak taalgebruik tekenend van sulke swendelary.

Indien u sodanige gemorspos ontvang is die advies:

- Vermy om op enige skakel te klik
- Gevaarligte flikker indien wagwoorde of belangrike persoonlike inligting soos identiteitsnommers gevra word
- Rapporteer verdagte e-posse by hsagwhistle@gmail.com

11. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POSADRESSE

Die korrekte gebruik van e-posadresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasierommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend. Versuiming om hieraan te voldoen kan die gevolg hê van onnodige vertraging of dat u geen antwoord sal ontvang nie.

Die amptelike en bestaande e-posadresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytskelding van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagestates@gmail.com** vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-posadresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- **enquiries@ccaf.co.za** vir ander CCAF navrae

Indien 'n belegger of enige persoon 'n e-pos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

12. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG

se webtuiste by www.hsaction.co.za en kan direk besigtig word by die volgende skakel: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com